# JAARPROGRAM 2011—2012

| | | |
|---|---|---|
| NOVEMBER 2011 | MONATENG | 18 - 20 NOVEMBER |
| JANUARIE 2012 | MOPANI LODGE | 20 - 21 JANUARIE |
| FEBRUARIE 2012 | AASVOëLKRANS<br>(Saam met<br>Pretoriastreek) | 17 - 18 FEBRUARIE |
| MAART 2012 | SILVER ROCKS | 16 - 17 MAART |
| APRIL 2012 | PRESIDENTE (Klipdraai)<br><br>OLIFANTS | 5—8 APRIL<br><br>26 - 29 APRIL |
| MEI 2012 | WARMBAD | 18 - 19 MEI |
| JUNIE 2012 | WINTERSAAMTREK | 15 - 16 JUNIE |
| AUGUSTUS 2012 | DUBE<br>Saam met Bronbergsateliet | 17 - 18 AUGUSTUS |
| SEPTEMBER 2010 | WEESGERUS<br>Gebiedskamp<br><br>KONGRES (Hartenbos) | 14 - 15 SEPTEMBER<br><br>21—23 SEPTEMBER |
| OKTOBER 2012 | NASIONALE KAMP<br><br>EASTCO | 12—13 OKTOBER<br><br>26 - 27 OKTOBER |
| NOVEMBER 2012 | BLOEKOMPOORT | 16 - 17 NOVEMBER |



# DIE Wawiel

Jaargang 24 Vol 2 Maart 2012

Die amptelike nuusbrief van SAWA - Streek Wapadrand



DIE BESTUUR

VOORSITTER

MARTIN RIX
Martin.rix@bcx.co.za
082 903 8342
(W) 011 266 5787
(F) 086 571 1193



ONDERVOORSITTER

REINARDT VAN RENSBURG
reilynn@vodamail.co.za
082 322 7217
(F) 0866 593 953



SEKRETARESSE

JANETTA TOERIEN
janettat@vodamail.co.za
082 3255 634
(H) 012 808 5566
(F) 0866 139 200



PENNINGMEESTER

CHRISTO BEZUIDENHOUDT
bezuic@gmail.com *of*
finansies@wawiel.co.za
082 551 3475
(F) 086 660 0869



NUUSBRIEFREDAKTEUR

ANDY TOERIEN
toeriena@vodamail.co.za
0822 565 044 (W) 012 401 1927
(H) 012 808 5566 ( F) 086 715 8230



SENIORBURGER-
VERTEENWOORDIGER

BETTIE MULLINS
BettieM@conningarth.co.za
083 255 0257
(H) 012 361 2275
(F) 012 349 1015



JEUG/KATEGESE

JENNY PIENAAR
jennydiscoduck@gmail.com
082 374 3839
(H) 012 546 0828



AKTIWITEITE

ALTA VAN JAARSVELD
johan.vanjaarsveld@absacapital.com
084 444 1422
(H) 012 933 1295





# VERJAARSDAE

MAART

| | | |
|---|---|---|
| Chris | Pienaar | 01 |
| Heinrich | Kluever | 01 |
| Johan | Bothma | 01 |
| Christiaan | Bezuidenhout | 03 |
| Amanda | Burger | 06 |
| Gerhardt | Coetzee | 06 |
| Letitia | Coetzee | 09 |
| Wynand | Pienaar | 10 |
| Marthie | Leach | 11 |
| Piet | Du Plessis | 13 |
| Willie | De Beer | 14 |
| Meyer | De Beer | 15 |
| Martin | Schoombie | 16 |
| Christa | Van Straaten | 19 |
| Dylon | Van Coller | 20 |
| Mieke | Pienaar | 20 |
| Wilhelm | Lombard | 21 |
| Natasjha | Du Plessis | 24 |
| Kobie | Du Plessis | 25 |
| Kobus | De Kock | 29 |
| Reuben | Theron | 30 |

April

| | | |
|---|---|---|
| Chantel | Swart | 2 |
| Gerhard | Botha | 3 |
| Wilmari | Lombaard | 3 |
| Andre | Hatting | 7 |
| Kiewiet | De Klerk | 9 |
| Wynand | Theron | 10 |
| Amour | Kluever | 11 |
| Milan | Norval | 13 |
| Mareli | Hattingh | 16 |
| Wynand | Britz | 16 |
| Cara-Liza | Pienaar | 20 |
| Theresa | Botha | 20 |
| Brandon | Schoombie | 22 |
| Dawie | Mullins | 26 |

BAIE GELUK

HUWELIKSHERDENKINGS

MAART

| | |
|---|---|
| Kobus & Erika De Kock | 11 |
| Carel & Riana Combrink | 14 |
| Andre & WilnaSwartz | 16 |
| Wilhelm & Drienie Lombard | 24 |
| Jos & Natashia Rabie | 27 |

APRIL

| | |
|---|---|
| André & Rienie De Beer | 9 |
| Dawie & Bettie Mullins | 23 |
| Jacques & Mariska Norval | 27 |

sleepmankompetisie deel te neem wat op dié toets geskoei is en sleepondervinding kan op die manier opgedoen word. Die ou kode 10 kwalifiseer mens nie vir sleep nie.

Die nuwe Camp & Live-kampoordtydskrif is nou op die rakke en bevat ‘n magdom inligting oor kampplekke en heelwat meer oor kamp in die algemeen.

Het jy geweet dat SAWA ‘n groot bydrae gehad het in die feit dat ons nie tolgeld betaal vir woonwaens en sleepwaens nie?

Die doel van die Nasionale saamtrek in Oktober is om net te kuier en daar word geen vergaderings of funksies gehou nie.

Die lastigheid van ATKV-oorde wat mens nie toelaat om die oord in te gaan voor tweeuur op die aankomsdag nie, sal ook aandag geniet.

Die Kongres se tema is “SAWA by die see”, en ons kan onder andere uitsien na die volgende:
‘n Ete by DeVette Mossel, ‘n wyn proe op die strand ens. Du Toitskloofkelder borg die wyn en ‘n gedeelte van die ete. Dink net, mossels, bottersnoek, patats, groente, potbrood, konfyt, vleispot en wyn ingesluit vir R100.
SAWA help ook met die koördineering van die vlugte na die kongres.

Dit was ‘n dag vol besprekings en goed om weer te kon sien wat die bestuurselemente van SAWA vir lede doen.

Ons bly in ‘n wonderlike land en vermaak word oral verskaf sonder dat iemand dit bedoel het; kyk net bietjie rond.
Ek wonder of mens jou “COMFOTER” in jou “LUGGASE” kan pak?
Dalk is foonherstelwerk nodig omdat die item “ELECTRONICE” is.







Waar daar te drinke is, het spelling nie eintlik waarde nie.



# INHOUD

Bladsy

STILTETYD ………………………………………………………..…....…. 4
SAWA OP DIE WEB……………………….…………………….…….... 4
REDAKSIONEEL……………………….…………………….…….….. 5
UIT DIE VOORSITTER SE PEN ..…….….………….…..………….…... 6
PRESIDENTE …………………………………………………………. 7
JAARAFLUITING MONATENG LODGE…………………...……. 8
SENIOR BURGERS– MOPANI ……………………..……...…….… 9
MOSAMBIEK…..……………………………………...…………. 10
BLITSTOER NA DIE KONGRES……………………………….. 11
NUWE LEDE EN BESOEKERS……………………..…….……. 12
FINANSIES ……………………………………………...………. 13
LIEF EN LEED ………………………………………………….. 13
VALENTYNSKAMP Aasvoëlkrans……………………….….. 14
NUB TERUGVOER ……………………………………………… 16
VERJAARSDAE…………………..…………………….……….… 19
JAARPROGRAM ……………………………………….…...…… 20

## BARNYARD VERMAAK KOM!

Daar is een van die dae weer ‘n vertoning by die Barnyard om fondse in te samel.

As jy nog nie een van die vertonings bygewoon het nie, probeer dit gerus.
Sou jy beplan het om dit te gaan sien wag nog so bietjie en geniet dit saam met vriende.
Hou gerus die e-posse en Wawiel dop vir verdere nuus.

Dit is altyd so lekker ons kan skaars wag.

Ons voorblad



Valentynsvieringe by Aasvoëlkrans saam met Streek Pretoria

# STILTETYD



*Mag die stukkie dan aansporing wees om werklik te gee…*

**'Hy sien toe ook 'n arm weduwee twee klein muntstukkies daar ingooi, en Hy sê: "Dit verseker ek julle: Hierdie arm weduwee het meer ingegooi as al die ander. Hulle het almal iets uit hulle oorvloed in die offergawekis gegooi, maar sy het in haar gebrek alles ingegooi wat sy gehad het om van te lewe."'**

Lukas 21:2-4

***Leer my om te géé, Genadige Vader.***
***Amen***

SAWA SE WEBTUISTE - www.sawa.org.za

Besoek gerus die webtuiste en loer so bietjie rond. Dit is verbasend hoeveel interessante dinge mens van SAWA en die ander streke kan leer. Al die belanglike dokumente soos die grondwet, doelstellings, brosjure ens. is daar te sien.

Daar is tans 'n groot opgradering van die webtuiste aan die gang, so kyk bietjie. Elke keer wat die tuiste besoek word, verbeter dit dan ook die advertensiewaarde van die tuiste. Jy maak dan sommer ook 'n bydrae tot die instandhouding en verbetering daarvan.

Lees ook wat Sawanante pla en ongelukkig maak asook waarvan hulle hou en voeg jou stuiwer tot die beurs. Stuur jou vakansie- of kampervarings in en neem deel aan die fotokompetisie. Kliek, kliek en jy kamp vanaf die kantoor.



Daar is 'n nuwe SAWA-brosjure bekend gestel. Die brosjure is 'n enkelblaadjie met SAWA se basiese doelstelling ens. Dit sal ook op die www.sawa.org.za webwerf in 'n aflaaibare formaat beskikbaar wees.
Van die webwerf gepraat, almal word aangemoedig om bydraes te lewe. Stuur julle foto's en stories in. Dit kan na sawa.saca@gmail.com gestuur word. Die grootte van die e-pos moet net nie 1MB oorskry nie en kan in *pdf*-formaat gestuur word.
Sawamense wil graag sê dat hulle iemand ken wat 'n besonderse prestasie behaal het. Laat ons of die web weet van julle of gesinslede se prestasies en deel die goeie nuus.

Daar was ook gewaarsku dat sommige oorde die streke verantwoordelik hou vir die totale koste van die bespreking. So moes een streek wat by Soetdoring bespreek het en nie al die plekke kon vul nie, 'n bedrag van R9000 opdok. Dit raak al hoe meer belangrik om vaste getalle te kry voor kampe. Ons almal weet dat dit nie altyd moontlik is nie, maar waar iemand aangedui het dat hulle sal kamp en iets dalk voorval, sal dit help as hulle so vroeg moontlik kan laat weet en tog maar kyk of hulle nie wel die kamp kan bywoon nie
al is dit bietjie moeiliker. Waar werk die oorsaak is, kyk dalk of dit naby genoeg is om sommer van die kamp af te gaan werk dan kamp een van die gesin darem en jy keer terug na 'n huis waar jy nie hoef te werk nie.

Die 4X4-been van SAWA het ook onder die loep gekom. Alle SAWA-reëls geld steeds vir die groep. Die enigste verskil is dat hulle toegang tot ander oorde kan kry. Besoek weereens die webblad vir meer inligting. Wapadrand staan ook nie agteruit wanneer daar vordering is nie en ons eerste 4X4-geleentheid is na Mosambiek in die Julie skoolvakansie. Lees meer hieroor op bl. 10.

Riemland was 'n satelietstreek maar sy ledetal het van 12 to 23 gegroei en is nou weer as volwaardige streek herstel.

Die faks no van die SAWA-kantoor het verander en is nou 088 011 918 0677. Dit is die telefoonnommer met 088 vooraan.

Die SAWA-voorraad sal ook op die nuwe webwerf geplaas word. Dit is nou goed soos koffiebekers, tafeldoeke, suikerlepels, dasse, pette, ens. Alles kan deur Janetta bestel word of by die Presidentesaamtrek gekoop word.

Carasure gaan moontlik nie meer eise betaal waar die wa 'n linkerwiel verloor het nie. Gaan gereeld die boute na om te verseker dat dit behoorlik vas is. Dit het te doen met die wiel wat antikloksgewys draai en die boute self losdraai. Maak maar seker.

Aandag is ook gevestig op die feit dat weegbrûe wat aandui dat hulle vir 5 ton en hoër bedoel is, nie akuraat is met kleiner gewigte nie. Sou mens afgetrek word kan jy 'n dispuut verklaar.

Die EB-lisensies is 'n probleem vir jongmense. Die toets is nie maklik nie en die reëls is

# NUB VERGADERING TERUGVOER

Die oop NUB-vergadering was onlangs op 11 Februarie by Bloekompoort gehou. Buiten vir die heerlike kamp, uitstekende geregte wat vir ons voorgesit was en die vermaak, was dit ‘n baie interessante en produktiewe vergadering. Wapadrand se bestuur was trots die beste verteenwoordig met byna al die bestuurslede teenwoordig.

Jurie het Vrydagaand tydens die verwelkoming uitgewys dat SAWA ‘n anker in die wêreld is. Hy het voorts gesê dat ons aan mekaar moet vashou al verskil ons.

Tydens die vergadering is die volgende bespreek:
Daar is ‘n nuwe ooreenkoms met ATKV-oorde gesluit wat van krag sal wees vanaf 1 Mei 2012 to 30 April 2013. Die ATKV se tariewe verhoog ongelukkig en hulle gebruik nog die per dag tariefstelsel.

Daar word gekyk na ‘n nuwe ligter metaal vir die toekenningsplaatjies wat nie afbreuk sal maak aan die kwaliteit van die toekennings nie.

Streek Ere Hoër Graad toekennings sal voortaan op Streekvlak hanteer word en Gebied Ere Hoër Graad toekenning op Gebiedsvlak. Albei toekennings was voorheen op Nasionale vlak hanteer.

Die saamkamp van verskillende streke is ook aangespreek aangesien dit onder meer, meer bedingingsmag by oorde teweeg bring.

Martin het in sy berig reeds genoem dat die streek Jukskei amptelik ontbind het. ‘n Redelike aantal van die lede het aangedui dat hulle na Wapadrand sou wil oorplaas.

Van die sake wat ook aangespreek is en nie noodwendig ‘n uitsluitsel behaal het nie maar baie interessant was om aan te hoor, was:
Onaktiewe lede, dit sluit lede in wat nie meer woonwaens het nie, te oud of siek geword het om te kan sleep, mense wat bloot net nie meer belangstel nie maar ledegeld bly betaal, jonger mense wat aansluit en die jongmenslewe hulle op ’n ander koers plaas ens.

Daar is oor “dooshoender” gepraat wat ’n hele klomp vraagtekengesigte opgetoor het. Ek sal julle verder laat wonder vir nou.

Streek Rietfontein in die Kaap se afstigting is vir eers uitgestel aangesien daar nie tans positiewe groei is nie. Daar sal weer tydens die Mei en Augustus NUB-vergaderings daarna gekyk word.

Drakensberg vier hulle 21ste verjaarsdag en nooi almal om by Balele in Utrecht saam te kamp.



# REDAKSIONEEL

Kan dit bykans nie glo nie, twee kampe alweer agter die rug sedert die vorige uitgawe. Hierdie uitgawe dra nuus van die Mopani Lodgekamp in Januarie en die verrassings wat ons by Aasvoëlkrans in Februarie gehad het saam met Streek Pretoria. ‘n Heerlike naweek wat ook weereens te gou verby was. Ek het nog planne gehad om die Beeldvakansieskou gedurende die naweek ook te besoek, maar voor ons kon sien is die naweek opgekuier.

Tannie Muriel het op haar eie in ‘n boswaentjie vir ons kom kuier by Mopani Lodge. En die seniorspan het ons met die wonderlikste stories vermaak.

Bass Lake gaan ongelukkig nie meer gebeur nie, maar ons kamp tog by ‘n nuwe oord naamlik Silver Rocks en teen heelwat goedkoper. Daar sal ‘n kralemaakaktiwiteit wees vir die mans maar soos gewoonlik sal ons die dames dalk ook akkomodeer - grappie! Riana reël om die pragtigste juweelstuk te maak en al die dames sal dit met trots kan dra.

Die Presidentesaamtrek is ook om die draai en ek het dit goed gedink om Jurie se uitnodiging in sy geheel te plaas vir die wat nog nie so gereeld op die web kuier nie. Die besprekingsvorms vir die Presidentesaamtrek is per e-pos uitgestuur, maar laat weet as Janetta dit weer moet stuur. Die e-posstelsels kan soms lol.
Die Presidente is, soos meeste weet, die een geleentheid om landwyd met Sawanante op een plek te kuier. Woon dit gerus by. Dit is ongetwyfeld die goedkoopste paasvakansie wat jy kan kry en dan is daar sommer vermaak ook ingesluit.

Onthou jy moet ontspan, so kamp soveel as wat dit moontlik is. Knyp maar een oog toe by die petrolpomp.

Graag sê ek dankie aan Daleen, Alta en Bettie wat so sonder drama vir my bydraes vir die nuusbrief stuur. Ek wil dan ook graag almal nooi om ook julle ervaring van ‘n kamp vir my te stuur. Dit help om te sien wat mense geniet en wat nie en kan toekomstige kampbeplanning net verbeter. Ons weet nou al almal hou van eet en kuier, en eet, en fotos neem van die kos, en eet, en …

Mosambiek het baie garnale wat ons nie op gewone kampe eet nie. Wie gaan saam? Dis ongelukkig nie met die waens nie, maar is steeds ‘n SAWA-saamtrek. Lees meer op bl.11.

Ons sien mekaar by Silver Rocks , Lekker kamp.

Andy



# Die Voorsitterspen

**Beste Wapadranders**

Wie dink nog terug aan die Desember/Januarievakansie? Seker niemand, want 2012 het weer met mening weggespring en ek glo meeste van ons beplan alweer hulle volgende blaaskans. Die eerste skoolvakansie is ook alweer om die draai!

Ek wil graag van die geleentheid gebruik maak om voorspoed aan al ons skoliere en studente toe te wens. Mag 2012 die jaar wees waartydens julle buitengewone hoogtes bereik! Aan die wat al by dié fase in julle lewe verby is, mag julle die voorspoed en gesondheid beleef waarvoor julle wens en bid!

Wapadrand het verlede jaar op 'n hoë noot afgesluit met die Kerskamp te Monateng. Ek sê nie ons nie, want ek en Tersia is groen van jaloesie dat ons nie die kamp kon bywoon nie, want almal praat daarvan hoe lekker dit was! Gelukkig kon ons darem die afskop van die 2012 kampjaar meemaak by Mopani. Wat 'n onvergeetlike naweek het Bettie en die Seniors dit nie vir ons gemaak nie. Ons Februariekamp met Alta aan die voorpunt saam met Pretoriastreek by Aasvoëlkrans, was net so lekker. Ons was bevoorreg om weer 'n hele klomp nuwe "familie" in SAWA te ontdek. Ons uitreik na een streek in die Jakarandagebied per jaar, is voorwaar lekker.

Dit is met hartseer dat ons van die sateliet Jukskei se ontbinding moes kennis neem, maar ter selfdertyd wil ons ook elke Jukskeilid wat by ons inskakel, baie welkom heet. Mag julle die warm harte van Wapadrand beleef!

Alhoewel ons baie suksesvol is met ons e-pos kommunikasie na lede, het ons die afgelope tyd ook deur middel van SMS'e meer lede probeer



het , het almal saam gesmul aan heerlike braaivleis, pap en sous, slaaie, warm poedings met vla en Daleen se koekstruif !

Sy het tot 'n aparte bak sonder neute gemaak vir diegene wat nie neute kan eet nie ! Dankie Daleen !

Dit is selde dat mens 'n harp van naderby kan aanskou en ons sê dankie aan Zani van Pretoria wat so 'n lieflike item gelewer het.

Sondag het ons saam na Ds Andries Enslin se boodskap oor die "liefde en vriendskap" geluister en na 'n besonder lekker Voorsitterstee, is ons voorwaar as bevoorregte Sawa-vriende uitmekaar !

Sien julle by Silver Rocks 16-18 Maart !

Tot 'n volgende keer
Kampgroete

Alta



PRYSE, PRYSE, PRYSE!

**Plasma TV, Skootrekenaar en iPod te wen!**

Daar is weer kaartjies te koop teen R25.00 wat by die Kongres getrek sal word. Reinhardt is die man om te sien as jy 'n kaartjie of meer wil koop.

## Valentynskamp 17 - 19 Februarie 2012 saam met Pretoriastreek by Aasvoëlkrans

Feeste ! Vandat ons Vrydagmiddag geland het totdat almal vertrek het Sondag, het ons Pretoria se gasvryheid en vriendelikheid beleef ! Ons het baie lekker olv Buks Lotter en Hennie Bloemhof saamgekamp.

Ons gashere het die kampprogramme in kleur laat druk , met hartjies versier en by elke tent afgelewer. Dankie Pretoria! Die hamburgers was heerlik met vars rolletjies en tuisgemaakte *patties*.

Praat van bederf ! Saterdagoggend het Pretoria se manne ,LW die manne, al die tafels in 'n lang ry gepak, met wit en rooi tafeldoeke gedek en so mooi versier met hartjieplekmatjies, fraai versierings
en die heerlikste *cupcakes*! Almal het meegedoen met die wit en rooi tema en daar was lekker sjampanje en musiek.
Dankie Martin vir die aanry en opstel van die klank-sisteem.

Omdat 2012 'n skrikkeljaar is, het die dames besluit om die manne te bederf deur die ontbyt te maak en te bedien. Te lekker !

Daar het die fees toe nie geëindig nie, want almal lig toe hulle glase en wens Oom Dawie en Tannie Hester Swanepoel geluk met hulle 50ste huweliksherdenking !

Wat 'n mylpaal en 'n voorreg ! Nogmaals geluk en dankie vir die voorbeeld wat julle vir ons almal stel. Dit is 'n voorreg om julle te ken.

Pretoria wen toe die middag se krieket ! Dankie Dawie en Johan dat julle darem Wapadrand se naam hoog gehou het !
Saterdagaand , onder Sprokiesland se bome, wat Sarie en Tannie Hester met die mooiste uitgekerfde blikke en kerse versier



bereik. Maak asb. seker dat ons te alle tyd al julle inligting het sodat julle nie van ons kommunikasie mis nie. Indien enige van julle inligting verander, stuur dit asb. vir Janetta. By voorbaat dankie aan almal wie se inligting korrek is. Dankie ook aan Andy wat ons Wawiel ook so 'n suksesvolle kommunikasiemiddel maak!

Met 'n jaar wat voorlê met 'n hele paar nuwe terreine waar ons gaan kamp, glo ek die Wawiel se brieke gaan behoorlik los wees dié jaar. Mag elkeen die kampjaar geniet en nooi gerus julle vriende om die Wapadrand- en SAWA-familie net nog groter te maak.

Groete tot die volgende kamp!

MARTIN

## 2012 Presidente - Jurie nooi Sawanante uit

Sawanante,

Na verskeie besoeke aan Klipdraai is ek oortuig dat die oord sowel as ons gashere vir die naweek nl. NOVS gereed is om ons te ontvang. Hierdie beloof om 'n besondere naweek te wees by 'n nuwe oord met uitstekende fasiliteite. Vir die meeste van ons lede is dit heelwat nader as Potchefstroom met ook 'n beter pad.

Na 'n lang afwesigheid, het ons hierdie jaar weer gaskunstenaars wat ons die Saterdagaand gaan vermaak in die tent. Hierdie oord bied baie vir ons kinders om te doen en kan u dus ontspan terwyl hulle baljaar. Die "Sawa het Talent" kompetisie word ook weer aangebied sowel as die wynveiling en al die ander stalletjies. Onthou die kaskarre en oefen solank en kry u spanne gereed.

Kom ons trek in groot getalle op en kuier weer saam met ou vriende.

Bepreek asb vooraf by die kantoor.

Ons sien julle daar
Jurie en Kittie Dreyer

*(Aangehaal van die SAWA webwerf)*

# Jaarafsluiting Monateng 2011


Praat van warm!! Was dit die weer, die mense, die Saterdagaand se kos of net alles! Weereens 'n lekker kamp en lekker gees wat geheers het. Vrydagaand was daar warmbrakke, deur die warm Therons. Ja jy kon ook bietjie mostert bygooi om dit ekstra warm te maak. Toe kuier almal lekker na boekevat om op te warm vir die volgende dag. Saterdag was die kinders vroeg al aan die gang. Vra maar vir Chrisjan en Wynand. Hulle speel toe al van 6h30 af. Om 9h00 het Jenny die kinders besig gehou met oulike kersfeesklappers wat hulle kon maak. Ons swem en kuier heeldag – moenie praat van die lekker middagslapie wat gou ingewerk moes word om spoed te vang vir die aand se kuier.
Jenny het weereens die kinders betrek en al die kinders het saam die kersboom versier en lekker gespeel.


Immigrasie is op soek na dié man!!

Janetta het haarself oortref met 'n baie interressante Meksikaanse tema en die kos was uit die boonste rakke. Ja, en toe kom die reën. Die Meksikane was so bly vir die reën, dat daar net daar en dan 'n Meksikaanse Idols begin het. O la la bamba! Ken net nie so baie nie, toe komponeer hulle maar 'n paar liedjies, (gelukkig het dit baie hard gereën) as julle verstaan wat ek wil sê. Soos die vriendelike meksikane maar is, deel hulle graag en dis toe dat die snor wat byna op elke foto is, begin roteer het, en so ook die hoede. Hieroor praat ons nie te veel uit nie. Chris glo mos dat die meksikaanse vroue ook snorre het – onder hulle arms. *(Die einste snor op die fotos het juis sy oorsprong daar gehad maar ons praat nie uit nie. Red.)*
'n Paar woonwaens het lekker deurgeloop en dit was een modderspul maar Wapadranders laat hulle mos nie onderkry deur 'n ou reënbuitjie of twee nie.
Sondagoggend van vroeg af is daar skoongemaak. Arme Janetta en Andy moes gereeld woonwa toe gly. Dit was een groot modderbad voor ons woonwa en vir Chrisjan was dit 'n teleurstelling toe hy nie sy 4x4 vaardighede met sy fiets daar kon probeer nie.
Sondagoggend het Janetta 'n mooi kerssangdiens aangebied wat werklik besonders was.
Gelukkig is almal droog …. en afgekoel huistoe.

Warm Groete
Daleen





Die roteerende snor op sommige van sy slagoffers



# FINANSIES

Wapadrand se bankbalanse soos op 7 Februarie:

1.Fondse

| | |
|---|---|
| Beleggingsrekening | R 7756.95 |
| Tjekrekening | R19425.38 |
| Hemde | R 900.00 |
| Deposito (Kamp) | R10000.00 |
| | R38082.33 |

2.Krediteure

| | |
|---|---|
| Kollekte | R 2127.00 |
| Lede Krediete | R 7063.50 (Geld wat vooruit vir kampe betaal is deur lede) |
| Houtblokkies verkope | R 800.00 |
| | R 9990.50 |

LEDEGELD

Die ledegelde is tans R260 per jaar vir 'n gewone lid en R250 vir senior burgers.
Senior burgers is waar die hooflid ouer as 60 is.
In albei gevalle is daar 'n R10.00 afslag wanneer mens per debietorder betaal.

# LIEF EN LEED

Oom Dawie en tannie Hester Swanepoel het hulle 50ste huweliksherdenking gevier.
Seppie en Geraldine Muller het hul kleinkind in die lewe verwelkom en
Andy en Janetta het nog 'n kleinseun ryker geword.
Jos en Natashia Rabie verwag hulle tweede afstameling.

# NOG SAWA-TERME

**NUB**
Die Nasionale Uitvoerende bestuur bestaan uit Dagbestuur en al die Gebieds– en Streekvoorsitters.

**DAGBESTUUR**
Dié groep bestaan uit 'n Nasionale voorsitter, Nasionale Ondervoorsitter, Sekretaris, Penningmeester en Skakelbeampte.

meer begin wegbreek na hul eie bestemmings. Die afstand tot weer by die N1/N12 verdeling is 390 km.
Die naam "Blitstoer" beteken nie dat ons vinnig gaan ry nie, maar eerder dat ons in 'n kort tydjie 2408 km moet aflê.
Om op te som – die koste van die verblyf vir twee persone op die toer beloop R1304,00 met die moontlike addisionele ete van R200,00 by "De Vette Mossel" uitgesluit. Beraam jou brandstofkoste na aanleiding van jou eie brandstofgebruik. Dit sal jou 'n redelike idee gee van die koste vir die toer. Ons toer drie dae af, bly in Hartenbos vir drie dae en toer weer drie dae terug. Met die Maandag die 23 ste wat 'n vakansiedag is hoef daar net vir 4 of 5 dae verlof geneem te word.
Graag wil ek nou hoor van lede wat die toer wil meemaak. Stuur vir my al jou besonderhede en bespreek jou plekkie op die toer. Ons kan egter net 'n beperkte aantal lede saamneem, dus is spoedige bespreking noodsaaklik. Stuur ook asb. alle besprekingsvorms wat uit die SAWA kantoor kom terug en merk dit net duidelik as jy bespreek het vir die Blitstoer.
As daar enige navrae is, kan dit aan my gerig word.
Groete en ***"Hartenbos hier kom ons"***
Jannie Meyer (Toerleier)
Nasionale Ondervoorsitter
082 462 7615
E-pos janniemeyer@vodamail.co.za

En onthou "**WEES TROTS OP SAWA"**
Almal wat die Kongres bywoon sal 'n plaatjie onvang, al maak hulle van privaatverblyf gebruik.

# NUWE LEDE

WELKOM! WELKOM! BLY JULLE IS BY ONS

Jacques en Marjorie Velloen is van ons nuutste amptelike lede. Jacques kamp natuurlik al donkiejare saam met Wapadrand en dit is verblydend dat nog 'n SAWA-kind terug is in ons geledere. Marjorie het as nuweling sonder meer ingeskakel en pas lekker in by ons lot.
Warren Ridley en Sonja van Straaten asook David en Stephanie Brönn ook Wapadrandkinders, sal ook eersdaags hulle amptelike verwelkoming by die kamp kry.

Johann en Sonja Viljoen het vanaf Jukskeistreek oorgeplaas.



## SENIOR OOMBLIKKE ('n positiewe karaktertrek)

**KAMP – MOPANI LODGE 20 - 22 JANUARIE 2012**
Hierdie kamp was nie 'n "gewone" kamp nie. Dit was 'n kamp aangebied deur ons seniors vir ons seniors.

VRYDAG
Die kampkommandante, Dawie en Hester Swanepoel, was al vroegdag by Mopani. As jy verlede jaar my brief oor Liracia gelees het sal jy onthou hoe ons met die ou model *gazebo* gespook het. Wel, ons het weer vir *gazebo* opgeslaan. Ons sou dit nie reggekry het, as André Swartz, Andy en tannie Muriel nie raad gegee het nie. Dit was een groot spanpoging.

So van sesuur af het ons boereworsrolle verkoop. Van die senior manne het gebraai terwyl die senior dames die broodjies gesmeer het. Christiaan was die jongman wat die geld hanteer het.

Dawie en Hester het die boekevat waargeneem. Daarna het ons almal nog lekker gekuier tot dit slaaptyd was.

SATERDAG.
Negeuur het Sarie die boekevat waargeneem.
Daarna het ons seniors en van die opkomende seniors ons stoele in 'n kring onder die skadubome gepak. Ons het lekker na ons seniors se vertellings oor hulleself geluister. Van die manne se kampervarings kom al van hulle kinderdae toe hulle nog bosse en gras moes wegkap en met tuisgemaakte tente gekamp het. Ida en Kiewiet se verhaal van hulle "blind date" en die vonkelwyn was klassiek. Vra hulle daaroor by 'n volgende kamp.

So teen vieruur was dit tyd vir jukskei.
Martin met sy waterbottels met hulle rooi en blou proppies het vir baie pret gesorg. So 'n klein bloubulletjie het aan 'n tak kom hang om die blouproppie span te ondersteun.

Seweuur was dit tyd vir 'n skemerkelk. Ons het lekker gekuier om die wyn en die soutbeskuitjies tot die vure reg was vir braai. Dié van ons wat die muskiete kon trotseer, het tot laat gekuier.

SONDAG
Dawie Mullins het die diens waargneem en Hester het die kategese behartig. Dankie aan Reinhardt en Micke vir die begeleiding.
Toe is dit die Voorsitterstee. Kyk, as daar nou dames is wat weet van lekker eetgoed maak is dit Wapadrand se dames. Baie dankie aan elkeen wat tot dié lekkerte bygedra het.
Die bittereinders het nog eers weer lekker gekuier, afgekoel in die swembad en 'n vleisie gebraai voordat ons die kampterrein verlaat het.

Dankie vir elkeen wat saam gekamp het.

Bettie

## Mosambiek 2012

Mosambiek, hier kom ons! Son, see en sand! Baie sand!!!

Ons beplan om in die Julieskoolvakansie 'n paar draaie te gaan maak in Mosambiek. Ons vertrek 23 Junie 2012 en kom 7 Julie 2012 terug.

Die roete gaan deur Kruger Wildtuin/Limpopo Oorgrenspark (Giriyondo grenspos) tot naby Xai-Xai, daarna al teen die kus op tot by Vilanculos en rustig terug tot by Maputo. Die plan is om deur Swaziland terug te gaan.

Daar is geleentheid vir diepseevisvang, snorkel, duik, swem en ontspan. En, o ja!! Ons gaan baie vis, garnale en kreef eet.


Die hoofpad al langs die kus op, die EN1, is baie goed tot by Vilanculos. Die pad deur die oorgrenspark is nogal rof, sinkplaat ens. En die stuk pad vanaf die park tot by Xai-Xai is ook nie te goed nie, met slaggate en effe smal. Verskeie van die oorde kan slegs met 'n 4x4 -voertuig bereik word, hoofsaaklik a.g.v. die dik sand en die grondvryhoogte kan ook 'n probleem kan wees.

Bring jou tent, daktent of boswa en toer saam met ons.
Kontak Janetta Toerien by janettat@vodamail.co.za as jy wil saamgaan. Ons moet die kampplekke bespreek en daarvoor is 'n deposito nodig. 'n Deposito (R1000) moet in Wapadrand se rekening inbetaal word. Bevestig net eers met Janetta 082 3255 634.






Op die Bazaruto eilande



Sononder by Pomene



# KONGRESNUUS 2011

Almal het seker al teen hierdie tyd die inligting van een of ander aard ten opsigte van die kongres raakgelees.
Die Blitstoer met Jannie Meyer is in 'n onlangse e-pos uiteengesit maar hieronder volg dit weer vir die wat dit nog nie onder oë gehad het nie.

## KONGRES 2012 BLITSTOER – SAWA BY DIE SEE

Dagsê alle voornemende blitstoergangers. Die kongres is slegs enkele maande weg en die toer kom vinnig nader. Belangstelling is nogal groot in die toer maar ons moet nou bepaal hoeveel lede die toer wil meemaak. Hoewel ons ver gaan ry wil ons dit ook aangenaam en interessant hou. Hier volg die toerprogram en koste.
Dag 1 - Woensdag 19 September- Ons versamel by Aldam net buite Ventersburg. Dit is ongeveer 255 km vanaf die N1/N12 verdeling. Die koste is R100,00 per nag per staanplek. Ons versamel daar om die volgende dag se rit 'n bietjie makliker te maak.
Dag 2 - Donderdag 20 September- Ons vertrek ongeveer 08H00 en stop by Bloemfontein, Colesberg, Middelburg op pad na Graaff-Reinet. Dit is egter 'n lang dag met 584 km wat ons gaan aflê. Ons oornag by Jessa Woonwapark net buite die dorp. Koste daar beloop R70,00 per persoon.
Dag 3 – Vrydag 21 September- Ons vertrek om 08H00 na Hartenbos en stop op pad by Willowmore en George. Die afstand is 379 km. Die **voorlopige** tarief by die Kongres is R750,00 wat insluit 'n staanplek vir 20/21/22 September- die vingerete Saterdagoggend en die Dinee vir twee persone. 'n Addisionele koste, ongeveer R100 per persoon, sal gevra word vir diegene wat die Vrydagaand die ete en wynproe by "De Vette Mossel" wil bywoon. Meer inligting sal volg.
Dag 4 en 5 word by die Kongres en Hartenbosomgewing deurgebring.
Dag 6 – Maandag 23 September - Die terugtog begin ongeveer 10H00 en ons toer na Beaufort Wes. Op pad sal ons stop by Oudtshoorn en Meiringspoort. Dit is 'n afstand van 262 km en ons oornag by Wagon Wheels net buite die dorp. Die koste beloop R110,00 vir die staanplek plus R27,00 per persoon ( Dus R164,00 vir twee persone)
Dag 7 – Dinsdag 24 September – weer 'n ietwat langer pad met 538 km om af te lê. Ons toer na Bloemfontein en stop by Richmond en Colesberg. Die oord is Reyneke Park en die tarief is R150,00 per nag per staanplek. Daar spandeer ons ons laaste nag saam en neem afskeid.
Dag 8 – Woensdag 25 September- Ons vertrek ongeveer 08H00 en stop by Ventersburg en die Kroon vaal 1 Stop. Vandaar sal die lede min of